



Wys winterspore van verre bestemmings

Met die lugspoor van vroegoggendvlugte wat gedagtes na bestemmings oor verre horisonne meevoer, gooi die son sy eerste warm strale oor 'n koue Kimberley. Met 'n ysige naweek agter die rug is die voorspelling van die Suid-Afrikaanse Weerdiens vir Saterdag (15/07) en Sondag soos volg: Kimberley minimum 7 °C en 5 °C, met 'n maksimum van 21 °C en 19 °C; Kuruman 6 °C en 8 °C, en 19 °C en 21 °C; Upington 10 °C en 6 °C, en 24 °C en 19 °C. Death Valley in Kalifornië, een van die warmste plekke ter wêreld, se temperatuur is dan minimum 37 °C en 40 °C, en maksimum 48 °C en 44 °C, terwyl die temperatuur in Antarktika, die koudste plek ter wêreld, voorspel word as minimum -67 °C met die maksimum effens warmer, teen -66 °C en -60 °C. FOTO: JACQUES JANSEN VAN VUUREN

Hoofartikel

Vertroue bestaan; soms blindelings

“'n Mens kan nie meer op die polisie (of die regstelsel of die poskantoor of die treindienste of die bankwese of die kafee) vertrou nie”.

Sulke uitsprake kom gereeld in gesprekke voor.

Elkeen het 'n eiertjie te lê oor 'n nagmerrie-ondervinding in 'n hospitaal, 'n staatsdepartement, 'n winkel van 'n eens bekwame kettinggroep – wat die vertroue in die mensdom skok.

Volg 'n mens die hoofstroom-nuusgebeure, is dit moeilik om voortdurend die goedheid in die mensdom raak te sien.

Dit is niks nuuts nie; vanuit die vroeë geskiedenis waarsku die psalmdigter reeds om nie op prinse, op die mensekind, te vertrou by wie daar geen heil is nie.

Die vertroue in die mensdom – die vaste geloof, sekerheid of gerustheid met betrekking tot die betroubaarheid van 'n bepaalde aspek – is glo steeds aan die taan.

'n Onlangse aanlyn opname wat in 30 lande deur die internasionale marknavorsers Ipsos gedoen is, toon aan dat slegs 30%

van volwassenes meen dat die meeste mense vertroue kan word. Volgens die opname dink slegs 16% van volwassenes in Suid-Afrika dat die meeste mense vertroue kan word, terwyl die hoogste persentasie van vertroue in Indië en China gevind is – albei met 56%.

Daar kom dae dat jy die mensdom blindelings moet vertrou: wanneer jy in 'n bus of taxi klim, wat reeds 'n slegte naam het; as voertuigbestuurder die pad met duisende ander deel; op 'n operasietafel lê; 'n belegging doen. Of vir 'n kind in 'n verland, meer as 13 000 km weg soos die kraai vlieg, noodsaaklike voorgeskrewe medikasie stuur.

Al maak 'n mens kennis met die gesig en die naam van die een agter die koeriertoonbank, is die res van die mense wat die kosbare pakkie hanteer, onbekend – hul gesigte, hul name, hul ligging.

Jy volg die elektroniese spoor van die pakkie, en dae later, met die boodskap “delivered”, wil jy tog glo dat 'n mens ander nog kan vertrou; al is dit blindelings.

Little gem

doomcopter

noun (informal)

A pessimistic person who comments negatively on everything, expecting the worst outcome.
Afrikaans: doemkopter

■ This is Pharos' word of the month.
– Source: pharosonline.co.za

Twyfelhoekie

‘Gee my tog krag’ kom in alle vorme

HANNES NOËTH

Duisend-tweehonderd. Dit is die presiese getal boodskappe wat my buurtgroep vandag (ja, net vandag) gewissel het oor die kragituasie waarin die buurt hom bevind.

'n Mens sien amper hoe die lede van die groep, my bure en die gemeenskap om my, in die

verskillende fases van trauma is. Party is in absolute ongeloof dat ons al 40 uur sonder krag is ná kabeldiefstal. Ander ly aan skok, 'n paar ander wil verwyf en 'n klompie ander wil vuiste swaai. Party raak senuagtig, en dan is daar altyd die paar wat namens dié wat nie weet hulle is dankbaar nie, ook dankbaar is.

Daar is ander wat koelrank wil vat vir dié wat oortyd werk

en daar is dié wat sê niemand bring vir hulle iets vir hul oortyd nie. Ander maak gou vrede met die konteks en ander wil pro-aktief seker maak dit gebeur net nooit weer nie.

Sommiges verwag raad van raadslede en ander meen dat daar nooit weer in die ou woonbuurt enige hulp kan wees nie.

En sodra 'n mens dink daar

kan niks nuuts wees of iets wees om oor te lag nie, sal iemand ná drie dae en 1 200 boodskappe vra: “Is nog iemand se krag af? Ons krag is al sedert Woensdag af.” Dit is op daardie stadium dat die geskokte in ongeloof 'n groep verlaat, die kwaaiies 'n string rooi gesiggies stuur en 'n ander gewoon antwoord: “Rêrig?”

Ná alles bly ons almal maar net mens, nè.

Potpourri

Weersake krap om

KARIN MULLER

Ons bevind ons in die middel van die winter.

Ons bibber. Veral die afgelope paar dae.

Ek verstaan dat daar mense is wat swaar trek gedurende die koue dae, maar ek trek effens swaarder.

Dit gebeur waarskynlik as jy grootgeword het waar dit nie ryp nie.

Ek verstaan ook dat daar mense is wat die koue dae verwelkom. Iewers in die lewe moet daar mense wees wat van albei wêreld hou en die balans handhaaf.

Enkele kere deur die loop van die jaar vra ek my man dieselfde vraag en kry herhaaldelik dieselfde antwoord.

“Verbeel ek my of is dit vandag warm?” vra ek.

Dan word ek aangestaar. “Vrou, ons is al diep verby

40 °C,” kry ek die antwoord. “Jou termostaat is gebreek.”

Inderdaad. Warm is warm is warm, maar dit moet regtig warm word voordat ek ongemaklik begin voel.

Ek soek 'n trui sodra die temperatuur tot onder 30 °C daal.

Toe ons uit Natal na die Noord-Kaap verhuis het, het my man tydens die eerste winter gesê: “Môre is dit 11 °C.”

Ek het ingedagte my kop geknik en gevra: “En wat is ons middagtemperatuur?”

Nodeloos om te sê het ek baie moeilik aangepas. Vir diegene wat hulle verlustig in die winterjas – geniet dit terwyl julle kan. Een van die dae sit die son nader aan moederaarde.

Dan kla die res van die mensdom weer, want ons is immers nooit werklik tevrede nie.

Kameeldoring

Reis 'n meesterskilder

CHARNÉ KEMP

“Traveling – it leaves you speechless, then turns you into a storyteller” – Ibn Battuta

Die jong mens is soos 'n leë skilderdoek. Die doek het nie veel diepte, nuanse, lyne, vorm, tekstuur, kleure, perspektief of mymeringe wat met kwaste in skakerings van allerlei kleure aangebring is nie.

Uitdrukings van beleë emosie of gedagtes wat deurdink is, skort. Reiservarings is 'n skilder wat tydsam betekenis aan sy seildoek gee. Wat volume, ruimte, beweging en lig op 'n plat oppervlak laat leef. Jou eerste ervaring buite jou gemaksone is die dag wanneer die skilderdoek kleur en vorm begin kry.

Onthou jy toe ons die snerpemde woestyinwind in 'n tent in die Namib moes oorleef?

Die haas waarmee ons in die middel van die nag in 'n tent

gesprink het toe die leeu brul?

Die vlug oor die Drakensberg tydens 'n donderstorm, die witwatervaart op die Olifantsrivier. Die dag toe jy vrou-alleen die Ooste sonder 'n reisplan aangedurf het? Saam met ander pelgrims 'n vreemde vasteland met onbekende gebruike, kulture en gelowe beleef het.

Saam gelag en bang was. Die voedselvergiftiging wat jy in 'n stampvol jeughostel oorleef het.

Hoe ons as gestrandes 'n saamrygeleentheid by 'n Serwiese trokbestuurder gebedel het, elders viseierstokke moes afwurg, by 'n ruïne van 'n atoombom gestaan het, verwonderd na Indiaanse sang-en-tromspel geluister het, spontaan by 'n betoging in Hongarye aangesluit het, in die sneeu in Lapland rendier-steaks gebrui het, Mormoonse spookdorpe verken en by Leonard Cohen se graf gestaan het.

Jou lewenskildery moet 'n ryke verhaal wees.

CENTRAL24

NOORDKAAP
BULLETIN

REDAKTEUR / EDITOR

Helena Barnard helena.barnard@media24.com

MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER

Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com

ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

BETREKKINGS / VACANCIES

Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813

REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES

noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600

GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS

noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

OMBUDSMAN

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



NoordkaapBulletin proudly displays the “FAIR” stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.